Mei - Junie 2017

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 16, No. 3 Vertalings uit ’n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2016 *Tomorrow's World*-tydskrif



*’n Persoonlike boodskap van*

*Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## Is ons gereed vir God se ingryping?

Ons lees en sien daagliks foto's van al hoe meer miljoene radelose mense wat uit hulle vaderland vlug in 'n desperate poging om 'n plek van veiligheid te bereik. Hierdie mense arriveer in Europa in toenemende getalle vanuit Afrika, die Midde-Ooste en ander gebiede. Waarom? Omdat hulle menslike regerings misluk. Omdat hulle mense “desperaat” is om 'n plek te vind waar hulle en hul kinders 'n redelike gevoel van fisiese veiligheid kan hê, asook om die basiese lewensmiddele, soos kos, water en behoorlike sanitasie te kan aanskaf.

Regdeur die Midde-Ooste, Afrika en baie nasies in Asië, Suid-Amerika en elders, is regerings besig om te misluk. In Venezuela is daar nou letterlik miljoene mense wat in hongersnood verkeer. Daar is finansiële ontwrigtings en in Brasilië, Argentinië en elders in die hele Latyns-Amerika nader regerings bankrotskap. Dink aan die honderde mense wat deur dwelmsindikate in Mexiko vermoor, verkrag en gemartel word. Weereens, ***waarom***?

Wanneer ons in Génesis 6 die geïnspireerde verhaal lees van waarom God die Almagtige alles wat lewe op die aarde, behalwe die gesin van Noag “vernietig” het, word dit duidelik dat die huidige generasie baie naby aan dieselfde mate van menslike agteruitgang gekom het, soos in die tyd van Noag. “Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld” (Génesis 6:11).

Geagte lesers, wanneer ons die konstante verslae in die nuus lees oor hoe korrupte regerings regoor die aarde hulle mense onderdruk en verarm, is dit duidelik dat die Almagtige God binnekort sal ingryp! God sê vir ons in Sy Woord: “Want Ek, die HERE, het nie verander nie” (Maleági 3:6) Die onveranderlike Jesus Christus kom binnekort weer (Openbaring 11:15). Dit is in werklikheid die enigste hoop vir hierdie verdorwe geslag!

**Die Werk word gedoen!**

Ons in hierdie Werk het nou die wonderlike geleentheid om met toenemende krag na die wêreld uit te reik en die werklikheid van die ware God te verkondig, die werklikheid van Christus se Wederkoms asook die ware betekenis van die lewe wat deur so min mense op aarde werklik verstaan word. Ons in hierdie Werk motiveer onsself om God se Waarheid aan hierdie misleide en verwarde wêreld te verkondig. Hierdie Werk van die lewende Jesus Christus is voortdurend besig om kragtig en met impak toe te neem. Ek hoop dat al die gereelde lesers vir die voortgesette groei van hierdie Werk bid! Ons is dankbaar vir die toename in ons *Tomorrow's World/Wêreld van Môre*-tydskrif subskripsies,

wat ons Maart-April 2016 gedrukte uitgawe ontvang het. Ons het 'n nuwe rekord van 539,000 unieke individuele intekenaars bereik. Wanneer u in gedagte hou dat baie eksemplare deur twee of drie persone gelees word, beteken dit dat meer as 'n miljoen mense heel moontlik deur elke uitgawe van hierdie tydskrif bereik word!

Ons wil goeie rentmeesters van die hulpbronne wees wat deur God voorsien word. U sien dus dat hierdie uitgawe se sirkulasiegetal 'n bietjie gedaal het. Soos baie van u weet, vra ons diegene wat vir 'n geruime tyd nie met ons in aanraking was nie, om hulle subskripsie "te hernu". Ons werk ook daaraan om maniere te vind om hierdie boodskap so koste-effektief as moontlik op maniere te versprei om nuwe lesers te bereik. Baie van ons lesers, veral die jongeres, is "digitale boorlinge" wat die meeste van hulle leeswerk op hulle rekenaars of selfs op hulle slimfone op die Internet doen. Ons reik dus na daardie lesers uit met 'n wonderlike nuwe "digitale blaaiboek"-weergawe van hierdie tydskrif. U kan dit by u gedrukte subskripsie voeg deur aanlyn na *TomorrowsWorld.org/digital* te gaan. U kan selfs na *digital-only* oorskakel indien u dit sou verkies.

Geagte lesers, laat ons onthou dat Jesus Christus Sy dienaars beveel het: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" (Markus 16:15).

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Is ons gereed vir God se ingryping?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Is u gewillig om te verander? 3**
God is gretig om u lewe met hoop, optimisme, seëninge en sukses te vul – maar daar is 'n stap wat U moet neem sodat al hierdie dinge kan gebeur. Sal u dit doen?

**Wêreldwye Utopia: 'n Onmoontlike droom? 7**
Vir so lank as wat enigiemand kan onthou, was die mensdom na 'n volmaakte wêreld op soek, maar elke menslike poging om 'n Utopia te skep, het skouspelagtig misluk. Daar is egter hoop!

**Die groot verval 11**
Met die wêreld wat skynbaar oral rondom ons ten gronde gaan, is daar enigiets wat u kan doen om uself en u geliefdes te beskerm?

**Toringhoë arrogansie? 15**

**Die algemene staking word onthou 17**

**Die werke van Sy hande 19**

**Môre se Jeug 21**
Geen grense?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde 23**

**Keerpunte in wêreldgeskiedenis 24**

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australasië)
Gerald Weston (Kanada, Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
BM PO Box 2345
London, WC1N 3XX
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Is u gewillig om te verander?

## Deur Roderick C. Meredith

*U hele lewe hang af van u bereidwilligheid om gedurende die volgende paar jaar te verander. U ewigheid hang af van wat u met die geopenbaarde Waarheid doen!*

Miljoene mense het gedurende die afgelope paar jaar na die *Tomorrow's World* beeldsending gekyk, die *Tomorrow's World/Wêreld van Môre*-tydskrif gelees of die *TomorrowsWorld.org/www.wvm.co.za* webwerf besoek. Derduisende mense kom maandeliks vir die heel eerste keer met hierdie boodskap in aanraking. Hulle lees die duidelik verstaanbare Bybelartikels wat in die *Tomorrow's World/Wêreld van Môre*-tydskrif verskyn en bestudeer ons boekies en artikels, wat die waarheid omtrent die bestaan van hulle Goddelike Hemelse Vader – die Skepper – bewys en wat aan hulle elke asemteug gee.

Hulle het die algehele belaglikheid van die evolusionêre fantasie en ander valse leerstellings gesien.

Hulle luister, lees en praat. Heel moontlik praat hulle met familielede, vriende of mense by die kantoor. Moontlik praat hulle met mense by die kerk of by die skool.

Hierdie miljoene mense luister, lees en praat alreeds.

Ja, hulle luister en lees en praat – maar wat sal hulle ***doen***?

Wat sal ***u*** doen?

God sê: "En hulle kom na jou toe soos 'n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, *maar* hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklaringe met hulle mond, maar hulle hart gaan agter hulle onregverdige wins aan. En kyk, jy is vir hulle soos 'n minnelied, *soos een* skoon van stem, wat goed op die snare speel: hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie. Maar as dit kom – kyk, dit kom! – dan sal hulle weet dat daar 'n profeet onder hulle gewees het" (Eségiël 33:31-33).

Wat sal dit van u verg, om te weet dat ware dienaars van die Almagtige God met u praat tydens die *Tomorrow's World* beeldsending?

Wat sal dit van u verg om **ag te slaan** en te ***reageer*** op die kennis wat u deur die *Tomorrow's World* beeldsending, tydskrif en/of webwerf ontvang?

Hoe sal geprofeteerde bonatuurlike straf u persoonlik moet raak voordat u gewillig sal wees om u weë te ***verander*** en God te gehoorsaam?

*U bereidwilligheid* is die sleutel *tot verandering*.

Baie nadenkende mense is intellektueel oortuig deur wat hulle oor die *Tomorrow's World* beeldsending hoor en in die bladsye van die *Tomorrow's World*/*Wêreld van Môre*-tydskrif lees – want hulle weet dit is die waarheid. Tog weerstaan hulle dit en neem aanstoot omdat hulle lewenswyse verander behoort te word!

Om veral in hierdie tydperk gewillig te wees om te ***verander*** en om die waarheid wat God deur Sy dienaars in hierdie eindtyd openbaar, te aanvaar en te gehoorsaam, meer as in enige ander tydperk, is die sleutel tot u eie oorlewing – nou en vir altyd.

Kort voor lank sal u in staat wees om te sien dat dit nie net 'n sentimentele idee is nie – dit is 'n feit. Lees ons kragtige artikels in hierdie uitgawe en indien God u oë open om te verstaan, wees gereed om daadwerklik op te tree! Die wêreld rondom ons is in 'n krisis gedompel soos nog nooit tevore nie, soos mnr. Rod McNair, in "Die groot verval", elders in hierdie uitgawe verduidelik. Maak seker dat u mnr. Richard Ames se "Wêreldwye Utopia: 'n Onmoontlike droom?" ook lees, om presies te verstaan wat vir ware Christene voorlê. U sal egter moet **optree** om een van daardie *ware Christene* te wees!

### U gesindheid is die sleutel

Elke ware dienaar van God het deur die eeue heen 'n boodskap van verandering gepreek. Dit is bloot omdat mense altyd geneig was om die weg van die menslike natuur te volg – die weg van ydelheid, selfsug, wellus, haat en oorlog.

Hierdie getroue manne van God het amper asof uit een mond uitgeroep oor die nasionale misdade en sondes van hulle mense – nie net in regverdige

verontwaardiging of gramskap nie, maar uit diep, persoonlike besorgdheid.

Eségiël het uitgeroep: "... want waarom wil julle sterwe, o huis van Israel?" (Eségiël 18:31). Jeremia het gekla, "... want nie van harte verdruk of bedroef Hy [God] die mensekinders nie" (Klaagliedere 3:33).

Al die groot patriotte het met skerpsinnigheid, die walglike vergrype en sondes van hulle volk raakgesien. Hulle het deur God se besondere openbaring, die geprofeteerde strawwe gesien, wat daardie mense oor hulleself gebring het. Hulle het by hulle volk, wat hulle liefgehad het en met hulle hele hart wou dien, aangedring om hulle van hulle sondes te bekeer en te verander.

Hulle het op die uitroep van mense wat 'n magdom probleme gehad het geantwoord – mense wat gesê het: "Hy maak net die nasie sleg, en hy bied nooit enige oplossings nie!"

Hulle het oplossings aangebied – wye, verreikende oplossings vir wêreldprobleme en vir die probleme van individue, deurdat hulle God se eie antwoord gegee het.

Die antwoord is om te *bekeer,* om gewillig te wees om te verander. Om te bekeer beteken nie net om jammer te wees nie – dit beteken om so jammer te wees dat mens bereid is om op te hou doen wat verkeerd is en om mens daarvan te distansieer en die ander rigting in te slaan.

*Ware bekering behels 'n* ***ware verandering***.

Ter voorbereiding vir Christus se eerste koms, het Johannes die Doper in die woestyn van Judea gepreek en gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mattheüs 3:1-2)! Kort daarna het Jesus met Sy eie bediening begin en die Evangelie van die toekomstige Regering (of heerskappy) van God verkondig. Hy het aangekondig: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15).

Jesus het die mense herhaaldelik gewaarsku dat die enigste manier waarop hulle gered kon word, was om hulle van die maniere, gewoontes en gebruike van die mense rondom hulle te bekeer en om God te begin gehoorsaam. Hy het gewaarsku: "Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom" (Lukas 13:3, 5).

Nadat die Nuwe-Testamentiese Kerk gestig is, het die geïnspireerde Petrus die pad na verlossing uiteengesit: "**Bekeer julle**, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Weereens, "Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word, sodat tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom" (Handelinge 3:19).

Die woord *bekeer* is 'n chemiese term wat beteken "om te verander".

Om geestelik bekeerd te wees, moet 'n persoon werklikwaar aktief jammer wees en hom van sy eertydse ongehoorsaamheid aan die ware God bekeer en dan sy lewenswyse verander om aan God se wil te voldoen.

U het sekerlik al agtergekom dat die artikels in die *Tomorrow's World/Wêreld van Môre*-tydskrif voortdurend aantoon hoeveel van die gewoontes, gebruike en oortuigings van hierdie wêreld in teenstelling met die bevele van God is? Watter dae behoort u heilig te hou? Wat is die beloning en werklike doel van 'n Christen? Wat behoort ons te doen omtrent die voortdurende vermanings om al die Gebooie van God te gehoorsaam? Wat behoort ons te doen met die opdragte van hoe om volgens elke woord van God te leef?

*Doen* u werklik *iets* met hierdie kosbare kennis wat God aan u gee?

Hier volg 'n brief – wat tipies van baie is – van 'n man wat weet dat hy behoort te verander. Let wel: "Ek het groot waardering vir die leesstof wat u die afgelope twee jaar aan my gestuur het. Ek het heelwat dinge geleer en dalk het ek naby die punt gekom om my hele self aan God te gee. Dit is jammer dat ek tekort geskiet het. Aangesien ek binnekort na *Oklahoma State University* gaan, dink ek dat die materiaal wat u aan my gestuur het vermors sal word. Ek kan duidelik sien dat die materialistiese trekkrag en sosiale invloed – veral van my kamermaats – sal veroorsaak

dat ek dit tersyde stel. Soos u heel moontlik sien, is ek nie te bekommerd oor God se toorn nie. Ek laat die saak eers eenkant en ek dink God sal my wel een of ander tyd nader trek.

Ek weet ten minste waarheen om te hardloop wanneer die tye sleg raak. Dit is amper soos om iets vir niks te kry, is dit nie? Ek het geen verskoning nie. Ek het die waarheid raakgesien en dit geïgnoreer. Ek is nie ontnugter en op soek na 'n antwoord vir menslike euwels nie. Ek het die antwoord deur middel van u werk gevind. Ek is nie verward nie. Ek is net sondig. Dit is jammer dat u leesstof vermors word. Ek is net 'n tipiese mens".

**Te "swak" om te verander?**

Weerstaan u ook verandering? Lyk dit vir u te moeilik om u lewenswyse na God se lewenswyse te verander?

U behoort te besef dat dit 'n verkeerde eienskap van die menslike natuur is, wat op sigself bekering nodig het! God sê: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?" (Jeremia 17:9).

Hier beskryf God die aard van die natuur wat u het!

U hou waarskynlik nie daarvan om te verander nie. U hou waarskynlik nie van die idee om te erken dat u godsdiens of u lewenswyse verkeerd kan wees nie.

Let op hierdie treffende beskrywing van die menslike verstand in die insiggewende boek van Professor James Harvey Robinson, *The Mind in the Making*:

> "Ons is ongelooflik roekeloos in die vorming van ons oortuigings, maar bevind onsself met 'n ongeoorloofde driftigheid wanneer iemand probeer om ons van hulle geselskap te beroof. Dit is natuurlik nie die idees wat vir ons dierbaar is wat bedreig word nie, maar ons ego ... Die klein woordjie "*ek*" is die heel belangrikste een in menslike aangeleenthede en om behoorlik daarmee rekening te hou is net die begin van wysheid. Dit het dieselfde krag of dit oor *my* aandete, *my* hond, *my* huis of *my* geloof, *my* land en *m*y God gaan is. Ons neem nie slegs aanstoot met die beskuldiging dat ons horlosie verkeerd is of dat ons motor lendelam is nie, maar dat ons opvatting oor die groewe op Mars of die uitspraak van *'Epicetus'* of die medisinale waarde van soutwater of van die datum van *Sargon I*, die onderwerp onderhewig aan hersiening is ...
>
> Ons hou daarvan om voort te gaan om dit te glo waaraan ons gewoond was om as die waarheid te aanvaar. Die wrewel wat opgewek word wanneer twyfel oor enige van ons aannames gewerp word, laat ons allerhande verskonings soek om daaraan vas te klou. Die gevolg is dat die meeste van ons sogenaamde redenasies daaruit bestaan om argumente te vind om voort te gaan om te glo soos wat ons reeds glo".

Wat 'n klassieke voorbeeld van die menslike verstand – u verstand!

Let nou op wat God oor die natuurlike, menslike gedagtegang van die mens sê: "... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Romeine 8:7). In die vorige vers sê God: "Want wat die vlees bedink, is die dood ..."

Die Bybel toon dus dat die sleutel tot u oorlewing, u gewilligheid is om u van u eie weë te bekeer en u eie idees, gewoontes en oortuigings te verander, sodat dit werklik met God se weë en leerstellings ooreenstem, soos dit in u Bybel geopenbaar is.

**God se waarheid gaan gepaard met verantwoordelikheid**

God het aan baie van u lesers getoon dat hierdie Sy Werk is. Deur die *Tomorrow's World* beeldsending en in die bladsye van hierdie tydskrif, word u voortdurend in duidelik verstaanbare terme uitgedaag om die Tien Gebooie letterlik te gehoorsaam soos God dit

bedoel het. U leer om Sy dae heilig te hou en uit hierdie wêreld se talle heidense godsdienstige gebruike, gewoontes en tradisies te kom.

Baie van u sit egter net terug en sê: "Wel, ek stem saam met wat u onderrig, maar ek kan nie sien dat daar iets is wat ek nodig het om daaromtrent te doen nie".

God sê: "... omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word" (Romeine 2:13).

Weereens sê God: "Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde" (Jakobus 4:17).

Oor die algemeen weet ons gereelde lesers van die *Wêreld van Môre,* wat om werklik te doen. U weet dat u moet *begin optree* volgens die belangrike kennis wat u deur middel van God se Werk leer.

U weet dat selfs meer kosbare kennis van God se waarheid beskikbaar is deur die bestudering van die wonderlike gratis boekies wat ons oor verskillende onderwerpe aanbied. U weet dat u nog meer gevoed kan word met hierdie belangrike geestelike waarhede deur die *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus* te doen.

U weet waar die Waarheid beskikbaar is. U weet dat daar vandag niemand anders op aarde is wat die Bybel werklik duidelik maak soos ons dit doen nie – ook die groot gebeurtenisse in wêreldgebeure word in hulle bepaalde, profetiese betekenis duidelik gemaak.

**Sal u optree terwyl daar tyd is?**

Hoe sal u voel wanneer hierdie gebeure waarvan u gelees het, skielik vlak voor u eie oë gebeur? Hoe sal u voel as u al die tyd van al hierdie dinge geweet het – dat u geweet het u behoort te begin om God te gehoorsaam en op te tree volgens hierdie kennis wat Hy so vrylik aan u geopenbaar het – maar net traag of koppig geweier het om u weë te verander en betyds onder Sy beskerming te kom?

Gaan u reageer soos die man wat hierdie brief geskryf het? "Ek is nie 'n Christen nie. Dit neem 'n man om een van hulle te wees. Ek bid nie. Ek het nog nooit in my lewe gebid nie. Ek het 'n geleentheid gehad om by 'n kerk aan te sluit, maar die manier waarop hulle dit uiteengesit het, het nie vir my reg gelyk nie. Ek het 'n goeie geleentheid gehad om die pad van evolusie te volg, maar dit het nie reg gelyk nie.

Nadat die Waarheid wel te voorskyn gekom het, was ek nie so dom dat ek dit nie herken het nie. Ek help om hierdie werk finansieel te ondersteun omdat ek 100% daarin glo. Moet asseblief net nie dink dat ek bid nie. Ek kan myself nie genoeg verootmoedig nie".

Skokkend?

Ja, dit behoort u te skok indien u begryp wat die beloning is wat betrokke is.

Die God van u Bybel sê: "Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord" (Jesaja 66:2).

U behoort sekerlik teen hierdie tyd te weet dat ons nie sentimentele speletjies met u speel nie. Ons daag u uit om te bewys wat ons oor wêreldgebeure sê asook die vervulling van Bybelse profesieë. Wat ons verkondig ***kan bewys word en is op die proef gestel***.

Om egter net van hierdie dinge te **weet** sal u of u geliefdes geensins baat nie. U moet volgens die waarheid **optree**. U moet volgens God se Wette leef – almal van hulle. U moet u benadering en u hele lewenswyse **verander** om aan die voorbeeld en leerstellings van die ware Jesus Christus van u Bybel te voldoen.

Sal u ter wille van u lewe en u ewigheid, die moed en die vasberadenheid hê om hierdie **verandering** te maak? WvM

---

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Wêreldwye Utopia: 'n Onmoontlike droom?

## Deur Richard F. Ames

*Talle mense wat al geleef en gesterf het, het probeer om "hemel op aarde" te skep. U Bybel beloof dat God kan en binnekort sal slaag waar die mensdom misluk het!*

Konings, diktators en militêre leiers het van wêreldoorheersing en die verowering van alle nasies van die wêreld gedroom. Die groot ryke van die verlede het hulle in die vertoning van hulle grootsheid en mag verlustig. Moderne China het vandag die wêreld se langste geskiedenis as 'n ononderbroke nasie wat met die Xia Dinastie begin het van ongeveer 2070-1600 v.C. Die Egiptiese Ryk het magtig oor nasies geheers tydens die slawerny van antieke Israel, tot hulle uittog in die 15de eeu v.C. Daar was baie ander ryke, soos die Russiese Ryk wat in 1917 geëindig het, die Mongoolse Ryk onder Genghis Khan, die Bisantynse Ryk wat in 1204 geëindig het en die Britse Ryk wat effektief in 1997 geëindig het toe China regeringsbeheer oor Hong Kong verkry het.

Groot ryke het gekom en gegaan. Die wêreld het gedurende die afgelope 6,000 jaar min universele vrede geken. Diktators het probeer om hulle eie weergawe van Utopia te skep, maar het misluk. Ten spyte van twee Wêreldoorloë om die voornemens van Duitsland en die Spilmoondhede van wêreldwye verowering tot stilstand te bring, duur die begeerte na wêreldmag voort. Sal die mensdom ooit wêreldvrede tot stand kan bring?

U Bybel openbaar die goeie nuus dat 'n nuwe wêreldregering universele vrede na die planeet Aarde sal bring. Die meeste mense voel deesdae egter dat hulle 'n hopelose toekoms tegemoetgaan. Die moderne samelewing ly nou onder korrupsie, terrorisme, klimaatsverandering en konflikte van alle soorte. Dank God dat die toekomstige nuwe Wêreldregering universele vrede en voorspoed sal meebring. Dit mag dalk na 'n onmoontlike droom lyk, maar u Bybel waarborg die heel voordeligste Wêreldregering ooit en u kan 'n rol daarin speel!

Die algemene idee van Utopia is 'n glorieryke, volmaakte wêreld van vrede en voorspoed. Die woord is uit Grieks afgelei en beteken "geen plek" of "nêrens". Die HAT woordeboek definieer Utopia soos volg: "... 'n denkbeeldige plek waar vrede, geluk en welvaart heers, die ideale verblyfoord" of "as 'n denkbeeldige plek". Sulke mensbedinkte plekke is dikwels nie heeltemal wat dit veronderstel is om te wees nie, soos wat dit uitstekend en ironies in Thomas More se roman, *Utopia*, uitgebeeld word.

Sommige mense het probeer om wêreldvrede met hulle eie vindingryke vorms van regering en Utopia voort te bring. Kritici dring nogtans daarop aan dat so 'n plek buitengewone dissiplinêre maatreëls sou vereis, sodat niemand die vryheid van keuse sou hê nie. Sal daar dus ooit een of ander vorm van Utopia op die planeet Aarde wees? Is die idee van 'n wêreldwye Utopia 'n onmoontlike droom? Die 1965 Broadway musiekblyspel, *Man of La Mancha*, beeld die gewilde liedjie met die titel, "*The Impossible Dream*"*,* uit. Dit beskryf 'n dapper stryd om "die onbereikbare ster te bereik". Ons smag almal waarlik na 'n glorieryke wêreld van vrede en voorspoed. Is daardie doel **onmoontlik** vir ons om te bereik?

U Bybel openbaar 'n toekomstige wêreld wat **baie** meer glorieryk is as dit wat deur futuriste en menslike dromers in die vooruitsig gestel word. Wat is die werklikheid van die toekoms? Daar is 'n nuwe wêreld aan die kom – die Koninkryk van God – wat nie net die vryheid van keuse sal toelaat nie, maar wat 'n keuse tussen lewe en dood, seën en vervloeking sal vereis.

Baie godsdienstige mense vestig hulle drome vir die toe-

koms op 'n vae begrip van die hemel, maar u Bybel openbaar die spesifieke wêreldregerende staatstruktuur en die vreedsame voordeel wat alle volke daaruit sal trek.

**Distopia of hoop?**

Sal die toekoms Utopia bring? Of Distopia? Distopias is die teenoorgestelde van Utopias. Distopia word gedefinieer as: "'n Denkbeeldige plek waar mense onmenslike en dikwels vreesbevange lewens lei". Die *Gulf News* gee hierdie ietwat skrikwekkende geopolitieke analise van die Europese Unie en die Europese tendense. Die artikel met die titel "*Europe's Politics of Dystopia"*, gee hierdie waarneming: "In Duitsland, Nederland, Finland, Denemarke, Oostenryk en ook in Swede, is die gewildheid van volkereg, anti-EU, anti-migrante regse partye aan die toeneem ... Versuim om nou daadwerklik op te tree, sal tot die uiteindelike mislukking van die vreedsame, geïntegreerde, geglobaliseerde, supranasionale staat lei wat die EU is en die toeneem van somber nasionalistiese regeringstelsels. Die omtrek van sulke plekke word in literêre werk weerspieël soos George Orwell se *1984*, Aldous Huxley se *Brave New World* en Michel Houellebecq se jongste roman, *Submission*. Laat ons hoop dat dit tot die gedrukte bladsy" beperk sal bly.

Hoe sal u toekoms daar uitsien? Die 15 November 2015 uitgawe van die *New York Times Magazine* was getiteld "*The Future Issue"*. Die kreatiewe buiteblad stel die toekoms voor as 'n waagspel. Die wiel van geluk dui daarop dat die toekoms "Misterieus", "Gewelddadig", "Bankrot", "Onegalig", "Geoptimaliseerd", "Vreedsaam", "Oorbevolk", "Heerlik", "Geoutomatiseer", "Sinteties", "Gedoem", of "Utopies" mag wees. Watter een van hierdie beskrywings van die toekoms, indien enige, sal die oorhand hê en bewaarheid word? Die *New York Times* sê: "Niemand weet wat die toekoms inhou nie". Is daardie stelling waar? Kan enigeen **werklik** weet wat die toekoms inhou? Kan u regtig Bybelprofesie vertrou?

Ons kan dankbaar wees dat die Skepper-God alle mag in die heelal het. Hy is almagtig, soos dit vir ons in Openbaring 19:6 gesê word. God onderhou hierdie klein planeet in die Melkwegstelsel deur die Woord van Sy krag, soos dit vir ons in Hebreërs 1:3 gesê word. Wanneer God toekomstige tendense en gebeure verklaar, kan niks in Sy pad staan nie, want "die mond van die HERE van die leërskare het dit gespreek" soos dit byvoorbeeld in Miga 4:4 gemeld word. Een van die mees inspirerende voorbeelde van vervulde profesie behels die Messias se eerste koms. Bykans elke Bybelwoordeboek sal 'n lys van die Ou-Testamentiese profesieë aangaande Christus se eerste koms bevat asook die vervulling daarvan soos dit in die Nuwe Testament gedokumenteer is. Die Ou Testament bevat meer as driehonderd verwysings na die Messias se koms. In sy boek *Science Speaks*, ondersoek die skrywer Peter Stoner, die waarskynlikheid van een persoon wat net 48 van daardie profesieë vervul. Om per toeval te gebeur, sou een uit tien wees, gevolg deur 157 nulle. Soos iemand bereken het, sal dit wees soos om een spesifieke elektron uit al die elektrone in die hele bekende heelal met die eerste probeerslag te probeer vind.

Dit neem slegs 48 van die honderde Messiaanse profesieë in aanmerking wat reeds vervul is. Met ander woorde, die profesieë wat betref Christus se eerste koms, kon nooit per toeval vervul gewees het nie. Dit was kragtig voorspel en in honderde akkurate besonderhede vervul. Ja, u kan Bybelprofesie vertrou!

**Hoe sal nasies verenig?**

Staatsmanne het voorgestel dat 'n een-wêreldregering ons probleme kan oplos. Het die Verenigde Nasies, wat sy 70ste bestaansjaar op *Verenigde Nasie-dag* op 24 Oktober 2015 gevier het, dan vir ons wêreldvrede gebring? Die Verenigde Nasies kan baie humanitêre dienste en prestasies dokumenteer. Tog het die Wetenskaplike en Sekuriteitsraad van die *Bulletin of Atomic Scientists,* sy simboliese oordeelsdag horlosie na **drie minute** voor middernag gestel. Die Bulletin het hulle aankondiging op 22 Januarie 2015 gedoen.

Het die gevaar vermeerder of verminder sedert daardie aankondiging? U ken die antwoord op daardie vraag. Terrorisme en plaaslike konflikte

het toegeneem. Ons het 'n nuwe wêreldregering nodig wat wêreldvrede kan waarborg! Is so 'n regering enigsins moontlik? *Dit is nie net moontlik nie, dit word in u Bybel voorspel!* Die Messias, Jesus Christus, gee aan ons In Mattheüs 6 'n uiteensetting van gebedsonderwerpe. Ons moet bid: "... laat U koninkryk kom" (Matthéüs 6:10)!

Hoe sal daardie Koninkryk daar uitsien? Wie sal die nasies regeer? Hoe sal die Duisend-jarige Regering georganiseer word? Wie sal die hoofleiers in God se toekomstige Koninkryk wees? Wêreldgeskiedenis bewys dat die mensdom nie die weg na vrede ken nie; ons streef na Utopia maar alte dikwels lyk dit of ons Distopia skep. Dit hoef egter nie so te wees nie – u Bybel openbaar ook die finale uitslag van menslike pogings. Ons kan Bybelprofesie vertrou! Spesifieke profesieë is reeds vervul, word tans vervul en word gewaarborg om in die toekoms vervul te word. Baie mense in die wêreld droom van blywende vrede tussen nasies. Moontlik het sommige van u al die beeld buite die Verenigde Nasies se gebou in New York gesien, wat 'n man uitbeeld wat 'n swaard in 'n ploegskaar omskep. Daardie beeld is op 'n profesie van Jesaja gebaseer. Terwyl hy 'n toe-komstige tyd onder die wêreldregerende Koninkryk van God beskryf het, meld die profeet Jesaja: "... en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:4).

Let daarop dat Christus, die Koning van die konings, die mag sal hê om nasies en individue te verhoed om te rebelleer en oorlog te voer. Ware Christene sal saam met Christus in Sy toekomstige Koninkryk heers: "... en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank" (Openbaring 20:4). Wat sal die heiliges, alle ware Christene, in die toe-komstige Koninkryk gedurende daardie duisend jaar doen? Luister na die lied van die heiliges: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:9-10).

**U Utopiese taak?**

As konings en priesters in God se toekomstige Koninkryk, sal getroue Christene die **weg** na vrede aan die nasies leer.

God roep nou Sy mense om as konings en priesters opgelei te word. Dit is skokkend, maar slegs 'n paar belydende Christene verstaan die wonderlike roeping en toekoms wat God vir die heiliges, alle ware Christene, in die toekomstige Koninkryk voorberei. Let op 'n paar van die poste waarin die wedergebore heiliges sal dien. "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen" (Openbaring 1:5-6). Ook: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee" (Openbaring 2:26). Ja, sommige van die heiliges – getroue Christene – sal oor nasies regeer en hulle help en onderrig om God se manier van leef en liefde te beoefen. Hoe wonderlik is dit dat God wil hê dat u deel van Sy wêreldregerende Gesin sal wees!

Onthou wat Jesus aan Sy getroue Apostels gesê het. Wat sal hulle in die Koninkryk doen? Die apostel Petrus het aan Jesus hierdie vraag gevra: "Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees? En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel" (Matthéüs 19:27-28).

Wie sal oor die twaalf Apostels in God se toekomstige Koninkryk toesig hou? Onthou, God het koning Dawid van ouds "'n man na my hart" genoem in Handelinge 13:22. Bybelprofesie openbaar dat koning Dawid oor die verenigde huise van Israel en Juda sal regeer: "En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel"

(Eségiël 37:24).

Wat sal dus u werk in die Koninkryk wees? Getroue Christene sal verskillende verantwoordelikhede hê, afhangende van hulle opleiding in hierdie lewe en hulle diens aan Christus, die Kerk en die mensdom. U mag dalk vertroud wees met die gelykenis van die talente, of die gelykenis van die ponde. Die Koning het daardie diensknegte beloon wat getrou was en inderdaad voordeel uit hulle oorspronklike geskenk getrek het. "En toe hy terugkom, nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie diensknegte aan wie hy die geld gegee het, by hom geroep moes word, sodat hy kon weet wat elkeen met handel verdien het. En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak. En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede. En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien. En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor vyf stede" (Lukas 19:15-19).

Ja, vandag se ware Christene is in opleiding om te dien en te heers. Die idee om vir ewig op hemelse wolke rond te sweef is **nie** wat u Bybel ons leer nie. Inteendeel, ware Christene sal op die utopiese planeet Aarde heers.

**Ware Utopia kom!**

Wat baie mense as 'n onmoontlike droom beskou, 'n wêreldwye Utopia, sal waar word. Die Prins van Vrede sal die weg na vrede en voorspoed onderrig. Jerusalem sal die hoofstad van die planeet Aarde wees. "So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskare: Die heilige berg. So sê die HERE van die leërskare: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit – elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae. En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel" (Sagaria 8:3-5).

In plaas van stedelike geweld, bendemoord en die vroeë dood van kinders, sal gesinne veilig woon. Bejaarde manne en vroue sal in vrede leef en nie meer allerhande soorte mishandeling verduur nie. Plase sal met volhoubare landbou voorspoedig wees. Lees hierdie inspirerende profesie in Amos 9:13: "Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploeër die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloei sal wees. En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet. En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die HERE jou God" (Amos 9:13-15).

Dank God dat daar vir die toekoms van die wêreld hoop is en dat daar hoop vir **u** toekoms is! In plaas van 'n onmenslike Distopia, sal die glorieryke Koninkryk van God selfs die mees manjifieke Utopia oortref wat deur optimistiese dromers aan hulleself voorgestel is. Vandag se getroue Christene, die ware heiliges, sal in die eerste opstanding wees om Christus by te staan om oor die wêreld te regeer. Hulle sal die Millennium van wêreldvrede inlei. Die profeet Jesaja gee aan ons hierdie Duisendjarige visie: "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:6-9).

Dank God dat Sy Koninkryk binnekort sal kom! U behoort na die profetiese tendense en tekens op te let wat Christus se Wederkoms aankondig! U behoort te bid: "... laat U koninkryk kom"! WvM

# Die groot verval

## Tye is moeilik en sal moeiliker word ... maar daar is 'n manier om dit vry te spring!

***Dit wil voorkom of die struktuur van ons wêreld besig is om voor ons oë geheel en al te verval. Dit lyk of die samelewing voortjaag soos 'n wegholtrein wat buite beheer is met geen remme, geen kondukteur en geen duidelike uitsig vorentoe nie. Onsekerheid en vrees deurtrek die gemoedere wêreldwyd. Baie mense is bekommerd oor die toename in rassespanning, geweld en terrorisme, onsedelikheid en politieke woede. Andere vrees 'n wêreldwye ekonomiese ineenstorting. Baie mense regoor die wêreld begin agterkom dat daar iets verskrikliks verkeerd is. Wat kan u doen? Lees verder!***

**Deur Rod McNair**

Dit lyk werklik of die hele wêreld rondom ons besig is om ten gronde te gaan. Dit lyk of ou gebruike nie meer toepaslik is nie. Om sin te maak uit die gebeure van die jaar 2014, het die *New York Times* se skrywer Roger Cohen, die jaar só opgesom: “Dit was die tyd van verval. Lank daarna, in terugblik, het mense gevra: Hoe kon dit gebeur het? Dit was 'n tyd van onthoofdings ... Dit was 'n tyd van aggressie ... Dit was 'n tyd van verbrokkeling ... Dit was 'n tyd van swakheid ... Dit was 'n tyd van haat ... Dit was 'n tyd van onrus ... Dit was 'n tyd van verwarring ...” (“*The Great Unraveling*”, *nytimes.com*, *Op-Ed*, 15 September 2014). Met ander woorde, 2014 was 'n tyd van groot benoudheid regoor die wêreld.

'n Jaar later het niks verander nie. Indien daar wel iets was, dan het die trein net vinniger voortgesnel. Op 30 Augustus 2015 skryf die blogger Chris Hedges van die onstabiele gemengde gevoelens van frustrasie en woede regoor die wêreld en die geweld wat dit tot gevolg gehad het: “Die fisiese, omgewings-, maatskaplike- en politieke- disintegrasie word weerspieël in 'n oplewing van sinnelose geweld wat deur woede gedryf word. In die Verenigde State voer waansinnige gewapende mans massamoorde uit in winkelsentrums, rolprentteaters, kerke en skole. Boko Haram en die Islamitiese Staat (ISIS) is besig met moordaanslae. Selfmoordaanvallers rig metodies dodelike chaos aan in Irak, Afghanistan, Saoedi-Arabië, Sirië, Jemen, Algerië, Israel en die Palestynse gebiede, Iran, Tunisië, Libanon, Marokko, Turkye, Mauritanië, Indonesië, Sri Lanka, China, Nigerië, Rusland, Indië en Pakistan” (“*The Great Unraveling*”, *truthdig.com*). Waar sal dit alles eindig? Is hierdie die “nuwe normaal”?

Die November 2015 en Maart 2016 terreuraanvalle in Parys en Brussel, het baie Europeërs se gevoel bevestig dat basiese dinge verander het en dit is onduidelik of dit moontlik sal wees om weer terug te verander.

In die Midde-Ooste het vyf jaar van oorlog in Sirië nie net groot getalle van daardie volk vernietig nie, maar die noordweste van Europa is diep geraak. In November 2015 het die blogger John Feffer beskryf hoe die groot vlaag van vlugtelinge na Europa daardie kontinent destabiliseer en dit uitmekaar mag skeur. Hy het geskryf: “Die syfers is verstommend en dit lyk na 'n ontsaglike groot bevolkingsverplasing van 'n verbrokkelende Groter Midde-Ooste ... 'n anti-migrant, anti-Moslem driftigheid is nou besig om dele van Europa in sy greep te kry, terwyl verregse partye, nie toevallig nie, aan die toeneem is ... Al hierdie dinge (en meer) verteenwoordig 'n verstommende ontwikkeling wat vroeër of later die groeiende geïntegreerde aard van Europa kan omkeer deur mure en versperrings regoor die hele vasteland te bou en die Europese Unie onomkeerbaar laat verbrokkel ...” (John Feffer, “*John Feffer: On the Verge of the Great Unraveling*”, *tomdispatch.com*, 10 November 2015). Net drie dae later is 130 mense in gekoördineerde aanvalle regoor Parys

om die lewe gebring. Op 1 Januarie het seksuele aanvalle deur bendes in Keulen en in ander stede in Duitsland plaasgevind. Dit het die Europese Unie geskok en meer bekommernis oor die radikale elemente onder asielsoekers in Europa laat ontstaan.

Die *Financial Times* se webwerf het ook in Desember die wêreld se ekonomiese vooruitsigte vir daardie jaar op hierdie manier opgesom: "Dit wil voorkom of 'n gevoel van onrus en voorspooksels al die groot magsentrums van die wêreld in 2015 getref het. Vanaf Beijing tot Washington, Berlyn tot Brasilië, Moskou tot Tokio was regerings, die media en burgers, senuweeagtig en slaggereed. Hierdie soort wêreldwye angs is ongewoon ... Op die oomblik lyk dit of al die groot spelers onseker of selfs bang is" ("*Battered, bruised and jumpy*: *The whole world is on edge*", *FT.com*, Gideon, Rachman, 28 Desember 2015). Sedert daardie tyd het meer vrese vir 'n wêreldwye ineenstorting opgeduik.

**Sal dit u ondergang wees?**

Wat moet ons doen? Behoort ons bekommerd en angstig oor die toekoms te wees? Hoe behoort ons te reageer wanneer ons hierdie gebeure rondom ons sien plaasvind?

Dit mag heelwaarskynlik nie net wêreldgebeure en nasionale probleme wees wat u bekommer nie. U mag heel moontlik oor u eie persoonlike uitdagings bekommerd wees. Met wat sommige mense "die verval van globalisering" noem, raak dit al hoe moeiliker om 'n betrekking te vind en te behou. Baie mense is gespanne namate geld skaarser raak. Regoor die wêreld ly gesinne as gevolg van die effek van vernietigende persoonlike skuld. Ander mense ly as gevolg van uitdagings in verhoudings -— om met 'n huweliksmaat saam te leef, kommer wat betref hulle kinders of ouers of om persoonlike probleme te oorwin.

Waaroor u ookal gespanne is, ongeag hoe ons wêreld *skynbaar* agteruit gaan, kan ons hoop hê. Daar is 'n manier om te ontvlug deur God se lewenswyse te volg, selfs wanneer ons vind dat ons wêreld uitmekaarval. Dit is belangrik om daarop te let dat die maatskaplike agteruitgang en verval wat *ons vandag sien,* baie eeue gelede al voorspel is. Paulus het daaroor geskryf in sy tweede brief aan die jong evangelis en prediker, Timótheüs: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het" (2 Timótheüs 3:1-5).

Wat 'n lys! Paulus het op soveel maniere as moontlik probeer om te verduidelik wat hy deur God se inspirasie vooruitgesien het. Daar sal 'n katastrofiese *morele ineenstorting* aan die einde van die tydperk wees. Dit sal 'n tyd wees wanneer mense meer by hulle eie selfsugtige begeertes betrokke sal wees as om hulle Skepper of medemens te dien. Dit sal 'n tyd wees wanneer mense meer bekommerd oor hulleself sal wees as oor hulle kinders of toekomstige generasies. Die geskiedkundige en Harvard professor, Niall Ferguson, het die ineenstorting van "die Amerikaanse ryk" binne ons generasie se leeftyd voorspel. Een van die redes waarom hy meen die Verenigde State ineen sal stort, is omdat ons generasie meer met onsself gemoeid is as met die volgende generasie ("*Niall Ferguson: Four Reasons America is Falling Apart*", *thinkadvisor.com*, Gil Weinreich, 2 Mei 2013 ). Wat 'n be-skuldiging!

Vanuit verskillende oogpunte is baie mense van mening dat dinge nie in die regte rigting beweeg nie. Mense is bekommerd omdat dinge in die ekonomie, politiek, moraliteit, nywerheid en onderwys handuit ruk; hulle voel dat daar 'n agteruitgang van burgerlike orde is. Ordentlike mense regoor die hele wêreld vrees dat dinge verkeerd loop.

Hoe het dit gebeur? Waar *het* ons verkeerd gegaan? Om die oorsaak te vind, moet ons na die verlede kyk. Die wettiging van dieselfde-geslag huwelike in

lande regoor die wêreld is 'n ernstige teken dat daar iets in ons samelewing verkeerd is. Die toename in huweliksontrouheid, egskeiding en die verval van die huisgesin is 'n kwessie wat wêreldwye maatskaplike probleme veroorsaak. Die wreedheid van aborsie het vir dekades beteken dat, selfs in ons verligte, moderne wêreld, ontelbare miljoene kosbare lewens tragies beëindig word. Hierdie maatskaplike euwels is nogtans nie die werklike bron van ons probleme nie! Ons behoort verder as die laaste paar jaar of die laaste paar dekades te kyk. Ons behoort na die geskiedenis te kyk. Om die waarheid te sê, behoort ons na die begin terug te gaan. Wáár kan ons die begin vind? In die Bybelboek Génesis.

**Die begin van die antwoord!**

Spotters, selfs sommige belydende Christene, beweer dat die boek Génesis 'n mite en fabel is. Génesis is egter Skrif en alle Skrif is "deur God ingegee" (2 Timótheüs 3:16). Génesis bevat die verhaal van Adam en Eva in die tuin van Eden en Jesus het uit Génesis 1 en 2 aangehaal (Matthéüs 19:4-6). Adam en Eva het werklik bestaan en die keuses wat hulle gemaak het, het vir die hele menslike nageslag gevolge meegebring. Hulle het die maatskaplike euwels en sosiale verval wat ons vandag ervaar aan die gang gesit.

In die boek Génesis lees ons dat God die gras, die bome, die visse van die see en die voëls van die hemel geskep het. Hy het alles geskape! Hy het die mens geskape en uit die man het Hy die vrou geskape. Hy het hulle aangesê om die aarde te vul en regverdig daaroor te regeer. Hy het hulle die nodige geleer sodat hulle voorspoedig in hulle nuwe omgewing kon leef. Baie gou het iets egter skeefgeloop. Let op in Génesis 3:1: "Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?" Hier het Satan die duiwel in die prentjie gekom. Dit is die engel wat van sy weg afvallig geraak het en 'n weg van opstand teen God gekies het. Hier het hy in die tuin probeer om daardie weg aan die eerste menslike wesens te verkoop. Ons lees verder: "En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken" (Génesis 3:2-5).

Satan het die strik gestel. Hy het aan hulle gesê dat God 'n leuenaar is! Dit was nog altyd sy boodskap: "*Moenie God vertrou nie. Moenie alles navolg wat hierdie boek sê nie. U kan kies en keur. U kan kies om ontrou aan u huweliksmaat te wees. U kan ongestraf moord pleeg. U kan lieg en bedrieg en steel vir 'n 'goeie' rede!*" Die mensdom het ongetwyfeld hierdie weg gevolg en blindelings sy eie reëls gemaak. Dit het egter alles in die tuin van Eden begin.

Wat het met Eva gebeur? Sy is in die strik gevang. "Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet. Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak" (Génesis 3:6-7).

Vir die eerste keer het Adam en Eva skuldig gevoel. Waarom? Hulle het hulleself van God gedistansieer en 'n ander pad gekies. Elkeen van ons het dieselfde natuur! Soos ons ouers, het elke enkele mens die verkeerde weg gekies – behalwe vir Jesus Christus wat nie gesondig het nie! Waarom is ons dus verbaas dat boosheid, korrupsie, morele onsedelikheid en geweld toeneem? Dit het alles daar in die tuin begin. Adam en Eva was uit die tuin gewerp en het so op hierdie manier die menslike geslag van God afgesny. Sedertdien is dit die pad wat die meerderheid van die mensdom volg.

**Kies God se weg!**

Die vraag is, op watter weg is u? Probeer u om God te gehoorsaam en in *Sy weë* te wandel? Het u die gesag om te besluit wat

reg en wat verkeerd is, of is dit God se voorreg?

Die struktuur van die samelewing rondom ons is besig om te verval. Wat kan *u* daaraan doen? Ek en u kan kies om die regte weg te bewandel en die verkeerde een te weerstaan. Let op wat Jesus in Matthéüs 7:13-14 sê: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind." Wat doen u wanneer alles rondom u klaarblyklik uitmekaarval? Wat doen u wanneer u 'n ernstige geskil met 'n vriend het? Wanneer u voel dat u wêreld by die huis rondom u in duie stort? Wat doen u wanneer dit voorkom of u nie uit die siklus van twis en argumente kan kom nie? Waarheen draai u, wanneer u probleme in u huwelik het?

Gee u eie manier prys. Kies om in God se weë te wandel, die weë van Jesus Christus van die Bybel. Die samelewing is op die verkeerde pad – maar *u* hoef dit nie blindelings te volg nie.

Net voordat Jesus Christus Sy lewe vir die sondes van die wêreld gegee het, het Hy hierdie bemoedigende woorde gespreek: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle" (Johannes 14:1-4). Satan beeld God as 'n leuenaar uit. Hy snou: "U kan nie staatmaak op wat God sê nie – u kan God nie *vertrou* nie". Op een of ander stadium in ons lewe sal ons moet besluit wie ons wil glo: Diegene wat deur die boodskap van Satan die duiwel beïnvloed word, of die *ware God van die Bybel*?

Let op Jesus se reaksie aan die twyfelende apostel Thomas: "Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken? Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Johannes 14:5-6).

**Hoop in Christus!**

Die enigste weg na die lewe is deur 'n persoonlike verhouding met ons Verlosser, Jesus Christus. Ons moet Hom toelaat om Sy Gees in ons te plaas en Sy lewe in ons te leef. Ons moet Sy Gebooie bewaar. Ons moet begin om die weg te bewandel soos Hy het en leef soos Hy geleef het. Ons moet die lewenswyse van die wêreld verwerp!

Die profeet Jeremia het die ineenstorting van 'n magtige nasie beleef, die antieke nasie van Juda. *Hy het die ineenstorting van 'n koninkryk beleef*. Hy het getreur oor die sondes van sy volk en die straf wat hulle as gevolg van hulle sondes verduur het. Hy het egter ook daardeur *geleef en dit oorleef!* Hy was aan God getrou. Hy was op daardie stadium deel van God se werk en was by daardie generasie betrokke met die prediking van die boodskap van waarheid en hoop en die ware weg van die lewe. Sy boodskap weerklink vir ons generasie, wat vandag voor soveel onsekerhede te staan kom. Aan die eenkant het Jeremia die straf voorspel wat hulle sou verduur vir hulle opstand teen God. Hy het nogtans die bemoediging van lewe en vrede anderkant die donker tye bygevoeg. Hier is die woorde wat God tot daardie generasie gespreek het: "Want ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee" (Jeremia 29:11).

'n Hoopvolle toekoms. Wat kan beter wees? Dit is wat elkeen wil hê – of u in Brussel of Birmingham, Colombia of die Ivoorkus woon. Alle ouers wil hê dat hulle kinders in 'n wêreld van vrede leef. Hulle wil met sekerheid weet dat hulle kan werk en vir hulle eie gesin voorsiening kan maak. Hulle wil weet hoe om met hulle bure saam te werk. Hulle wil weet hoe om hulle huweliks- en gesinsverhoudings te laat werk.

Dit is nou nog nie daardie wêreld nie. Miljoene mense het uit Sirië gevlug op soek na 'n tuiste en as vlugtelinge kry hulle swaar. Miljoene ander mense is in hulle eie land verskuif, met

*Vervolg op bladsy 26*

# Toringhoë arrogansie?

## Deur Jonathan Riley

Veertig jaar gelede, op 26 Junie 1976, is die CN-toring in Toronto vir die publiek geopen. Dit het vir 31 jaar lank die titel in die *Guinness Book of World Records* gehou as die wêreld se hoogste vrystaande struktuur tot in September 2007 toe Dubai se Burj Khalifa met sy hoogte van 553,33 meter (1,815.4 voet) die toring oortref het.

Vir meer as drie dekades het die CN-toring as 'n rekord-houer gestaan, 'n ikoniese struktuur wat nie net Toronto alleen verteenwoordig het nie, maar ook tot 'n groot mate die Kanadese nasie. Saam met die meer praktiese voordele vir die bou van die toring, soos die verbetering van kommunikasies en televisieseine, was die struktuur gebou om Toronto "op die kaart" te plaas. Vir 57 miljoen Kanadese dollar, het *CN Railways* (*Canadian National Railways*) dit as 'n landmerk bestem om 'n groot prestasie van die Kanadese bedryf te demonstreer en die stad van die omliggende stede oorkant die grens te onderskei.

Herkenbaar regoor die wêreld, is dit as een van die groot ingenieursprestasies van die Westerse samelewing beskou en was ook as een van die moderne Sewe Wonders van die Wêreld verklaar (*CNTower.ca*). Dit is hoofsaaklik uit 40,500 kubieke meter gegote beton saamgestel, wat voortdurend vir byna 'n jaar lank deur 'n span van 1,537 konstruksiewerkers gegiet moes word. Dit bevat ook 998 kilometer (of 620 myl) naspanning staal en 4,535 metrieke ton (5,000 ton) bewapeningstaal.

In dieselfde jaar as wat die Burj die plek van die toring ingeneem het, het ingenieurs 'n *LED*-beligtingstelsel geïnstalleer wat oor sy volle lengte strek, met inbegrip van sy antennas. Elke aand wanneer die son sak, word die toring verlig om aan Kanada se kleure hulde te bring. Gedurende die jaar verander die beligting om erkenning te gee aan "verskillende stadsgebeure, liefdadigheidsgeleenthede en sake, seisoene en spesiale openbare vakansiedae asook 'n spesiale program om terugkerende Kanadese soldate te vereer" (*ibid*.).

**Toringhoë trots**

Daar word gesê dat die toring 'n simbool van trots vir Toronto se inwoners en alle Kanadese is; dus het baie mense gedink dat dit vir die stad gepas sal wees om die ikoniese simbool van die nasie te gebruik om elke jaar in reënboogkleure verlig te word om Toronto se *Gay Pride Week* te vier.

Die CN-toring is nie uniek met so 'n vertoning nie. Strukture regoor Noord-Amerika word ook met reënboogkleure verlig ter viering van homoseksuele trots. Van die Wit Huis, tot die *Empire State Building*, tot Aspoestertjie se Kasteel by *Walt Disney World*, word as historiese en kulturele bakens gebruik om ondersteuning en eensgesindheid aan die Westerse samelewing se bevordering van die LGBT (Lesbiese, Gay, Biseksuele en Transgeslagtelike) agenda te verleen. Gedurende 2015 is 'n nuwe mylpaal in Toronto ingelui toe die Eerste Minister, Justin Trudeau, by die stad se "*Gay Pride*" parade aangesluit het. Voor en in die middel saam met mnr. Trudeau, het homoseksuele Siriese vlugtelinge gesit wat onlangs in Kanada as deel van die fokus op die "vreemdheid van die Midde-Oosterse kulture" verwelkom is (Arshy Mann, "*Justin Trudeau to be the first prime minister to attend Pride Toronto*", *DailyXtra.com*, 17 Desember 2015).

Westerse vooruitgang in die industrie – soos dit deur die ontsagwekkende ingenieurswonder van strukture soos die CN-toring gedemonstreer word – staan nou in die skadu van indrukwekkende toringhoë prestasies van die Midde-Ooste. Om bo die Burj uit te troon, is Saoedi-Arabië se beplande Jeddah Toring veronderstel om ten minste 1,000 meter (3,281 voet) hoog te wees en sal dit in 'n byna volmaakte toringhoë jukstaposisie uitstyg bo die tuimelende moraliteit van nasies

soos Kanada, wat eens op 'n tyd gesukkel het om die kernwaardes te handhaaf wat in u Bybel gevind word. Hoe pynlik moet dit vir die Bybelgelowige Kanadese wees wanneer hulle sien dat die ikoniese struktuur van hulle nasie wat as 'n baken gebou is en om 'n nasie te identifiseer, nou gebruik word om 'n lewenswyse aan te moedig wat strydig is met die God wat hierdie nasie geseën het.

**Toring van skande?**

In Génesis 11 lees ons van die konstruksie van 'n ander toring in die Midde-Ooste. "En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie" (Génesis 11:4). In die land Sínear, wat in die hedendaagse Irak geleë is, was die eerste koninkryk wat in die Bybel aangeteken is daarop ingestel om 'n stad en 'n toring te bou, soos dit sê, sodat "ons vir onsself 'n naam maak". Hulle is deur Nimrod gelei, wie se naam letterlik vertaal kan word as "om te rebelleer" en het hierdie koninkryk daarna gestreef om 'n samelewing te skep wat teenstrydig met God se Wet is, om letterlik Sy gesag met hulle nietige pogings te vervang om 'n stad en 'n toring te bou wat tot aan die hemel sou strek. Dr. Douglas S. Winnail het 'n insiggewende en leersame artikel geskryf oor die parallelle van Babel en Europa in die Mei-Junie 2007 uitgawe van die Wêreld van Môre met die titel "Europa: 'n Moderne toring van Babel" – wat veral vandag toepaslik is met die onlangse gebeure wat in Europa plaasgevind het.

Die resultaat van Babel se konstruksie is tot ons voordeel opgeteken. God het ingegryp en gesê: "Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie. Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie" (Génesis 11:6-7). 'n Volk met een sienswyse of doel, wie se begeerte in stryd met God was en wie se taal verwar was, toon opvallende ooreenkomste met die korrupsie, trots, ydelheid en sinnelose sosio-politieke dialoog wat ons sien Kanada en die Westerse samelewing as geheel deurdring het.

Soos wat die stad van Toronto vertikaal met talle wolkekrabbers en hoë woonstelblokke gegroei het, was die ooglopende newe-effek 'n onderbreking van radio- en televisiekommunikasie. Die oorspronklike bedoeling van die CN-toring was 'n praktiese een; dit het voorsiening gemaak vir sommige van die hoogste gehalte televisie-ontvangs in Noord-Amerika. Nietemin was die toring se doel sedert sy vroeë konstruksie bedorwe. Dit staan nou hoofsaaklik ter ondersteuning en bevordering van sosiale ingenieurswerk, eerder as om uitsluitlik as die ingenieurswonder te dien wat dit veronderstel was om te wees. Ons Skepper gee aan ons 'n opdrag: "Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes" (Jesaja 58:1) en soos die Toring van Babel probeer het om die hemel te bereik, so is die sonde van ons nasie se stede en die mensdom as geheel. Eerder as om eenvoudig in verwondering oor hierdie strukture te staan, behoort ons toe te laat dat die misbruik van ons landsbakens as 'n nasionale waarskuwing te dien: "Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou" (Openbaring 18:5). WvM


# Wat is 'n ware Christen?

***Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?***

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie insiggewende boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Die algemene staking word onthou

## Deur John Meakin

Veronderstel vir 'n oomblik dat u werkgewer na u kom met die nuus dat dit voortaan nodig sal wees om *langer ure* vir 'n *laer loon te werk*. Elkeen in u bedryf sal inderdaad dieselfde opoffering moet maak. Tensy u hierdie nuwe werksomstandighede aanvaar sal u van u werk “uitgesluit” en verhinder word om te werk – *u werk sal nie meer bestaan nie.*

Hoe sou u op sulke rampspoedige nuus reageer? Sou u beswaar maak dat u loon reeds laag is en dat u 'n vrou en kinders by die huis het – maar u dan gedwee onderwerp wanneer u vind dat u huislike omstandighede geen verskil maak nie? Of sou u verkies om met alles tot u beskikking teenstand te bied om u beroep en u gesin te beskerm?

U verneem dan dat die vakbond sy uiterste bes sal doen om namens u teenstand te bied deur 'n staking uit te roep. Die oomblik is so onbestendig dat werkers in baie ander nywerhede besluit om uit simpatie met u lot te staak. Baie gou bevind u uself deel van 'n *algemene staking* wat die hele struktuur van u volk en die oorlewing van u regering bedreig.

Moeilik om u dit voor te stel? Wel, dit is presies wat 90 jaar gelede in Groot-Brittanje gebeur het, toe 1,2 miljoen steenkoolmynwerkers in Mei 1926 vir nege dae lank gestaak het en 'n halfmiljoen werkers van ander nywerhede hulle direkte ondersteuning daaraan verleen het. Die meeste mense het lankal hierdie sonderlinge gebeurtenis vergeet, maar dit hou belangrike lesse in vir die onstuimige tye wat voorlê. Terwyl al hoe meer bekommerde stemme aan ons sê dat “*moeilike tye kom*”, is dit die moeite werd om die besonderhede van hierdie staking te onthou en onsself aan belangrike Bybelse beginsels te herinner wat op werkgewer/werknemer verhoudings van toepassing is.

**Steenkoolbedryf in 'n krisis**

In 1914 was ongeveer een uit elke tien werkende mans in Brittanje in diens van die steenkoolbedryf. Dit het steenkoolontginning die belangrikste bedryf in die land gemaak en die Mynwerkersunie 'n gedugte mag om mee rekening te hou. In die jare na die Eerste Wêreldoorlog het steenkoolmyne moeilike tye beleef. Swaar huishoudelike gebruik tydens die oorlog het Brittanje se ryk steenkoollae uitgeput en minder steenkool is uitgevoer, sodat steenkool uit ander lande soos die Verenigde State, Pole en Duitsland die tekort aangevul het. Heelwat Britse myne was ondoeltreffend en moes gemoderniseer word. Produktiwiteit was aan die afneem en algehele steenkoolproduksie het gedaal.

Al hierdie faktore het 'n krisis voorspel – waarna die situasie nog verder verswak het. As deel van herstelwerk na die oorlog, was Duitsland toegelaat om weer die internasionale steenkoolmark te betree deur “gratis steenkool” na Frankryk en Italië uit te voer, wat 'n onwelkome daling in steenkoolpryse meegebring het. In 1925 het Brittanje weer die goudstandaard ingestel en die impak hiervan het plaaslike lone skerp laat daal. Terselfdertyd het myneienaars wat hulle winste wou behou, dikwels op langer werksure teen laer lone aangedring wat mynwerkers se lone laat terugval het tot voor-oorlog vlakke. Al hierdie faktore het uiteindelik tot die verlies van werksgeleenthede gelei en spoedig het mynwerkers die grootste enkele groep onder die werkloses gevorm.

Dit was dus geen verrassing dat die mynwerkers na soveel jare van ontevredenheid, onder leiding van 'n vuurvreter kommunistiese algemene sekretaris, hulle gereed gemaak het vir 'n groot “bakleiery” met hulle kapitalistiese vyande nie. Op “Rooi Vrydag” (30 Julie 1925), is 'n konfrontasie ontlont nadat die regering 'n negemaand-lange subsidie aan die steenkoolbedryf aangekondig het. 'n Koninklike kommissie is

aangestel om ondersoek na die bedryf in te stel en aanbevelings vir die toekoms op te stel. "Indien die situasie retrospektief beskou was, was dit maar net 'n skynoorwinning vir die mynwerkers, want dit het die regering tyd gegun om deeglik voor te berei vir die onvermydelike konflik wat hulle geweet het sou kom. In teenstelling hiermee was die mynwerkersvakbonde nouliks voorbereid.

Met die aanvang van die staking op 4 Mei 1926 was die mynwerkers en ander werkers (spoorwegmanne, vervoerwerkers, drukkers, dokwerkers, ystersmede en staalwerkers) ten volle tot die saak verbind en is die grootste deel van die bevolking spoedig tot 'n stilstand gedwing. Die *Trades Union Congress* (*TUC*) onder wie se toesig die staking plaasgevind het, was eintlik nie ten gunste van die staking nie en het probeer om die doeltreffendheid daarvan te ondermyn, net soos die Arbeidersparty – die politieke arm van die unies – natuurlik ook die regering, waarvan nie een die staking ondersteun het nie.

Retrospektief beskou was die staking van die begin af gedoem. Die *TUC* het baie werkers in "sekondêre nywerhede" verhinder om te staak. Die Arbeidersparty het hom gedistansieer van die heel linkse revolusionêre elemente wat agter die staking was. Die regering het iets wat in wese 'n arbeidsgeskil was, in 'n politieke stryd omskep wat sou dreig om "die pad na anargie" te volg! Die goed voorbereide regering het alle middele wat tot sy beskikking was gebruik om die staking te beveg, met inbegrip van die weermag en die vloot, 'n arbeidsmag van vrywilligers om noodsaaklike dienste in stand te hou en 'n "burgermag" van spesiale konstabels om die aanvulling van voorrade in stand te hou.

Op 12 Mei het die *TUC* die staking afgelas, maar die gefrustreerde mynwerkers het voortgegaan om tot aan die einde van November te staak. Teen daardie tyd het die meeste mynwerkers teësinnig na hulle werk teruggekeer. Op die ou end is hulle gedwing om al die maatreëls wat voorheen aan hulle opgelê was te aanvaar. Die staking het hulle dus niks gebaat nie. Die les uit die geskiedenis is inderdaad, dat om stakings uit te roep, selde indien ooit die probleem oplos.

Daar is tog 'n oplossing vir die probleme wat werknemers en werkgewers ondervind: Ons behoort volgens God se wyse te leef!

**Praktiese Bybelse beginsels**

Die Bybel is baie duidelik oor *praktiese beginsels* wat ons kan toepas ter bevordering van moderne "arbeidsverhoudings". Hier volg 'n paar wat, in eenvoudige terme, voorsiening maak vir die *uiteindelike geestelike konteks* waarin menslike gedrag geplaas kan word.

Aan werkgewers sê God: "Betoon reg en billikheid, here, aan julle diensknegte, omdat julle weet dat julle ook 'n Here in die hemele het" (Kolossense 4:1; sien ook Efésiërs 6:9: "... laat staan die dreigemente"). Aan werknemers sê God: "Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus" (Efésiërs 6:5; sien ook Kolossense 3:22). Die ideaal is dat elkeen vir die voordeel van die ander behoort te werk! Indien 'n werkgewer hardvogtig is, is dit nog steeds geen verskoning om te rebelleer nie. Ons lees: "Diensknegte, wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is" (1 Petrus 2:18). Daar word ook aan ons gesê: "Almal ... moet hulle eie here alle eer waardig ag" (1 Timótheüs 6:1).

Binnekort – gouer as wat baie mense verwag – sal Jesus Christus weer kom en God se volmaakte Regering op hierdie aarde vestig. Ons sal dan 'n dramatiese verandering ten goede sien in die manier waarop ons mekaar behandel. Intussen leef ons in hierdie wêreld en moet ons die beste maak van wat ons het. Die mensdom se huidige ekonomiese stelsel is in wese *oneerbaar* en benodig 'n stelsel van morele waardes wat daaraan gekoppel is, sodat dit doeltreffend kan werk tot voordeel van almal. Die toepassing van Christelike waardes en moraliteit sal sukses verseker in alles wat ons doen.

WvM

# Die werke van Sy hande
## Einstein, God en gravitasiegolwe

### Deur Wallace G. Smith

Op 11 Februarie 2016 het 'n groep baie opgewonde wetenskaplikes aangekondig dat hulle na dekades se geduldige ondersoek, *gravitasiegolwe* ontdek het.

Sommige mense het dit die "deurbraak van die eeu" genoem. Tydens die aankondiging het sommige van hulle selfs trane van vreugde gestort ("*It's Official! Gravitational waves have been detected, Einstein was right*", *ScienceAlert.com*, 11 Februarie 2016). Waarom dan al die blydskap? Wat *is* gravitasiegolwe? Wat kan so 'n ontdekking ons van die God daaragter vertel?

Die verhaal van hierdie ontdekking gaan 'n honderd jaar terug na 1915, toe die 26-jarige Albert Einstein sy teorie van algemene relatiwiteit gepubliseer het. Sy teorie was revolusionêr en het verduidelik dat enige massa in die ruimte – soos die son of die aarde – ruimte en tyd rondom dit verbuig en verwring. Hierdie verbuiging van ruimte en tyd – of "ruimtetyd" – veroorsaak die effek wat ons as swaartekrag sien.

**Wat beteken dit?**

Om die effek vir uself te visualiseer, probeer om 'n klein albaster oor die gladde laken van 'n netjies opgemaakte bed te rol. Normaalweg sal dit in 'n reguit lyn rol. Stel u v*ervolgens* voor, dat 'n swaar rolbal-bal in die middel van die bed lê en veroorsaak dat die laken in die matras insak. Indien u nou die albaster te na aan die rolbal-bal rol, sal dit in die *rigting* van die rolbal-bal draai.

Einstein se teorie verduidelik dat dit is hoe swaartekrag werk. 'n Voorwerp soos die aarde, buig die ruimte-tyd rondom dit en veroorsaak dat voorwerpe soos die maan daarheen "draai". Die son wat veel groter as die aarde is, veroorsaak so 'n diep verwringing dat die planete van die sonnestelsel daarom wentel in plaas daarvan om weg te beweeg.

Algemene relatiwiteit word as een van die bes bewese wetenskaplike ontdekkings in die mens se geskiedenis beskou, hoewel een van die belangrikste voorspellings – gravitasiegolwe – nog nooit as waar bewys is nie.

Einstein se teorie het voorspel dat sekere kolossale gebeurtenisse in die ruimte – soos 'n botsing tussen twee swart gate, wat die digste en heel grootste voorwerpe in die heelal is – gravitasiegolwe sou veroorsaak. Hierdie golwe sou verwringing van die struktuur van ruimte-tyd wees, waar dit gerek en gekrimp word en dit uitwaarts sou beweeg vanaf die gebeurtenis, regdeur die heelal soos rimpels op water versprei nadat 'n klip in 'n dam gegooi is.

Sulke golwe sou ruimte egter in klein hoeveelhede verwring sodat dit onmoontlik sou wees om dit op te spoor. Dit was onmoontlik tot 14 September 2015, toe wetenskaplikes wat op die *Laser Interferometer Gravitational-Wave Observatory (LIGO)* eksperiment gewerk het inderdaad die bestaan van ruimte-tyd golwe ontdek het. *LIGO* se voortreflik sensitiewe instrumente het die uitrekking en inkrimping van ruimte-tyd gemeet – een van die "rimpelings" van 'n massiewe kosmiese gebeurtenis – soos 'n swaartekrag golf wat deur die aarde gegaan het. Dit het plaasgevind selfs al was die verwringing in ruimte-tyd ongelooflik klein – net eenduisendste van die deursnee van 'n sub-atomiese proton!

Net om seker te wees, het die wetenskaplikes die volgende vyf maande spandeer om die resultate na te gaan en dubbel seker te maak dat resultate en die bewyse duidelik en onmiskenbaar was. Na 'n eeu van soek *is* gravitasiegolwe ontdek. Einstein se voorspelling was korrek.

Die geweldige kosmiese gebeurtenis wat hierdie golwe veroorsaak het, is deur dr. Kip Thorne opgesom: "Die botsende swart gate wat hierdie gravitasiegolwe veroorsaak het, het 'n hewige storm in die struktuur van ruimte en tyd veroorsaak, 'n storm waarin tyd versnel en vertraag en weer

versnel is, 'n storm waarin die vorm van ruimte hierheen en daarheen gebuig is" ("*Gravitational waves: breakthrough discovery after a century of expectation*", *TheGuardian.com*, 11 Februarie 2016). Swart gate is die digste voorwerpe in die heelal en daar word gereken dat die botsing 1,3 miljard ligjare weg plaasgevind het.

**Rimpelings in ruimte en tyd**

Wat 'n vreemde en fantastiese heelal bewoon ons, waar selfs ruimte en tyd 'n "rimpel-effek" soos die oppervlak van 'n meer kan hê! Watter kragtige magte moet in hierdie heelal ontketen word om sulke geweldige en ruimte-veranderende gebeure te *veroorsaak!* Watter insig gee dit ons in die wese, krag en goedheid van die Grote Skepper van alle dinge.

Hoe was Albert Einstein byvoorbeeld in die verloop van meditasie en die uitvoering van "gedagte-eksperimente" in die eerste plek in staat om die bestaan van sulke golwe af te lei – golwe wat deur voorwerpe veroorsaak word wat miljoene der miljoene kilometers ver is en wat hy nog nooit gesien het en nooit in sy lewe *sou* sien nie?

Hy kon dit doen omdat ons heelal **verstaanbaar** is – 'n wettige en ordelike skepping! God het "die insettinge van hemel en aarde ... vasgestel" (Jeremia 33:25) en die skepping – van die een punt tot die ander punt van die hemel – toon dat dit deur die Soewereine Wetgewer ontwerp is!

Dat 'n blote mens op planeet Aarde die onmeetlike lugruim van die kosmos kon aanskou en deur meditasie en berekening, beginsels kon ontbloot wat nie bevestig sou word tot *100 jaar later* nie, is 'n huldeblyk aan God se wonderlike en ordelike *ontwerp* deur die grondslag van die werklikheid!

Die ontdekking van hierdie golwe beklemtoon ook hoe *magtig* ons Skepper is. Neem in ag dat die toets van die berugte "Tsar Bomba" termonukleêre toestel in Oktober 1961 die grootste mensgemaakte ontploffing in die geskiedenis was. Hitte van die ontploffing was meer as 150 kilometers ver gevoel ("*Big Ivan*, *The Tsar Bomba ('King of Bombs')*" *NuclearWeaponArchive.org*, 3 September 2007) en die ontploffing se sampioenwolk het in die atmosfeer vir byna twee-derdes van die afstand in die buitenste ruim opgestyg.

Die verskriklike krag van Tsar Bomba is selfs minder as 'n kind se speelding in vergelyking met die gebeurtenis wat deur die *LIGO* wetenskaplikes gemeet is. Wetenskaplikes beraam dat die oomblik toe die swart gate gebots het, die gravitasiegolwe wat dit uitgestraal het, die ekwivalent was van om "drie sonne te neem en hulle uit te wis" (McDonald).

Wanneer ons so 'n majestieuse krag bedink, mag ons dalk aan die woorde van die patriarg Job herinner word: "Kyk, dit is maar die uitlopers van sy weë, en wat 'n fluisterwoord hoor ons maar van Hom! Wie sou dan die donder van sy magtige dade verstaan?" (Job 26:14).

In 'n heelal waar botsings van kosmos-skuddende swart gate 'n blote *fluistering* van Sy krag is, hoeveel *kragtiger* moet daardie Een wees wat die heelal deur die woord van Sy krag *onderhou* (Hebreërs 1:3)?

Sulke ontdekkings behoort ons te laat stilstaan en rede te gee om ons met dankbare harte aan die asemrowende erfenis te verwonder wat ons Hemelse Vader vir ons beplan. Nee, God het nie die heelal rondom ons as 'n soort grootse "skouspel" geskep vir ons om net na te kyk, daaroor te wonder en vir ewig op 'n afstand te wees nie. Die heelal wat deur wetenskaplikes aan ons geopenbaar word soos hierdie *LIGO* astrofisici, is in werklikheid *u toekoms* en *u bestemming!*

Jesus sê aan ons dat "Hy wat oorwin, sal alles beërwe" (Openbaring 21:7) en "alles" beteken "alle dinge"! Die apostel Paulus het opgemerk dat hierdie erfenis veel verder strek as wat ons nou met ons oë kan sien en sluit die geheel van God se geskape gebied in – ontsaglik groot bo ons geloof (Hebreërs 2:8)!

Namate wetenskaplikes die heelal dieper en verder ondersoek, gaan hulle voort om die krag van God bloot te lê – die grootheid van Sy plan vir ons en die onvergelyklike omvang van Sy geskenk aan diegene wat kies om Sy kinders te word! WvM

# Môre se Jeug

## Geen grense?

Deur Jonathan McNair

Het u al die slagspreuk: "Geen grense" gesien? "Geen grense" is 'n popkultuur-slagspreuk van wat onbeskaamd klink en groot probleme skep. Selfs al sou dit hoe trotserend klink, weerspreek dit eintlik 'n Bybelse beginsel wat 'n grondbeginsel vir sukses in die lewe is. 'n Behoorlike begrip van "grense" is een van die mees kritieke lesse wat 'n jong mens kan leer.

**Grense by die skepping**

In die eerste bladsye van die Bybel, waar ons van God se herskepping van die aarde lees, word ons aan die konsep van "grense" bekendgestel. Ons lees: "En God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters. God het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is" (Génesis 1:6-7). Die Hebreeuse woord wat in hierdie vers as "uitspansel" vertaal is, verwys eenvoudig na die atmosferiese strook waarin ons leef. Hierdie atmosfeer skei die vloeibare water van mere, strome, riviere en oseane van die waterdamp wat as wolke in die lug versamel. God het 'n "grens" geskep.

In Génesis 2 het die Skepper 'n baie spesiale tydgrens vasgestel. "En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak" (Génesis 2:2-3). Soos wat die son agter die horison verdwyn en die grens tussen die sesde en sewende dag oorgesteek het, was die mensdom aan die Sabbat bekendgestel. Aan die een kant van daardie grens het God gewerk en die aarde herskep. Aan die ander kant het Hy gerus en Sy Sabbatdag geheilig.

Daar was egter nog 'n grens om vas te stel nadat God met Adam en Eva begin werk het.

God het 'n tuin "in Eden, in die Ooste" geplant (Génesis 2:8). Hy het die mens in die tuin geplaas om die oorvloed van die plante en bome te geniet. Hy het egter ook dáár 'n grens gestel. "En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" (Génesis 2:16-17). God het Adam en Eva aan die konsep bekendgestel dat Hý as Skepper, die gesag het om 'n grens te stel tussen wat geëet kan word en wat nie. Hulle gehoorsaamheid aan Sy gesag was deurslaggewend vir hulle sukses en geluk. Ons lees natuurlik in die volgende hoofstuk dat hulle daardie grens geïgnoreer het en van die vrugte van die boom van die kennis van goed en kwaad geneem en geëet het. As gevolg daarvan het God gevolge ingestel. Hy het hulle uit die tuin verdryf en 'n geografiese grenslyn geskep wat deur 'n magtige engel bewaak is.

**Grense in geskiedenis**

Wanneer ons vlugtig deur die bladsye van die Bybel kyk, sien ons dat God grense vir individue sowel as vir Israel ingestel het.

In Exodus 3 waar Moses persoonlik aan God bekendgestel is, was die eerste ding wat God gedoen het, om 'n grens in te stel. Hy het gesê: "Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond" (Exodus 3:5). Met ander woorde, God het gesê: "Jy kan jou sandale enige ander plek dra, maar wanneer jy op hierdie plek in My teenwoordigheid staan, is jy op heilige grond".

Herken die grens. Tree anders op. Trek jou skoene uit.

Nadat hulle Egipte verlaat het en die kinders van Israel by die berg Sinai aangekom het, het God hulle voorberei om Sy Wet in ontvangs te neem. As

deel van Sy opleiding aan die mense, het Hy 'n grenslyn aangewys waar hulle kon staan en waar hulle nie op die berg toegelaat was nie. “Ook moet jy vir die volk 'n grens rondom aanwys en sê: Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, moet sekerlik gedood word” (Exodus 19:12). Die mense moes die feit verstaan dat God gesag oor hulle het. Hy sou nie oortreding duld op die gebied wat Hy as ontoeganklik verklaar het nie.

In Exodus 20 lees ons dan 'n beskrywing van God se fundamentele lewenswette. Hierdie Wette beskryf grense van hoe ons teenoor God en ons naaste moet optree. Die eerste gebod leer ons om nie 'n menigte gode te skep en te aanbid nie. In die tweede plek mag ons God nie met fisiese beelde aanbid nie. Derdens, mag ons God se naam nie ydellik gebruik nie. Hierdie drie gebooie skep 'n “raamwerk” van hoe ons God behoort te sien, te aanbid en Sy naam te gebruik. U mag dalk sê dat dit soos 'n “boei-tou” is wat die grenslyn van 'n “veilige swemplek” in 'n meer aandui. Daardie “veilige swemplek” word verder deur Sy vierde Gebod beklemtoon – dat ons die sewendedag Sabbat heilig moet hou. Indien ons nie daarin slaag om hierdie opdrag of soortgelyke opdragte soos dit te gehoorsaam nie, steek ons die grens in onveilige waters oor.

Die laaste ses Gebooie vestig meer punte om na te verwys in ons beweegruimte (grense) tussen sukses en mislukking in die lewe.

Indien ons nie ons ouers eer nie, moord pleeg, steel, leuens vertel, egbreuk pleeg of begeer, oortree ons die grens wat God tussen goeie en korrekte gedrag teenoor ons naaste gestel het en vernietigende en sondige dade wat smart en hartseer bring. God wil hê dat ons 'n diepe ontsag en selfs gepaste vrees vir Sy afkeuring moet hê ten einde ons in veilige waters te hou. Hy het dit in soveel woorde aan die Israeliete in Exodus 20:20 gesê. “Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie.”

**Grense en u**

Wat van my en uself? Is dit nodig dat ons die grense wat God vasgestel het verstaan en respekteer? Natuurlik!

Indien ons nadink oor die beginsels wat ons reeds hersien het, is dit maklik om te sien dat hierdie grense op ons van toepassing is, selfs al leef ons duisende jare nadat die Tien Gebooie gegee is.

Ons het ook die Nuwe-Testamentiese geskrifte wat ons meer van God se denke in terme van grense leer. Mans word byvoorbeeld riglyne gegee oor die opinie wat hulle oor vroue behoort te hê. Christus het gesê: “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het” (Matthéüs 5:28). Indien ons aan die veilige kant van daardie grenslyn bly, sal ons nie pornografie kyk of na meisies op 'n wellustige manier kyk nie. Paulus herinner Timótheüs in 1 Timótheüs 5:2, dat hy jonger vroue soos susters moet behandel: “... in alle reinheid.” Diegene wat voor die huwelik in seks en seksuele voorspel betrokke raak word in 1 Korinthiërs 6:9 beskryf as dat hulle geen aandeel in die Koninkryk van God sal hê nie. Met hierdie bakens wat 'n toepaslike grenslyn vorm, word ons grense vir “uitgaan” met iemand van die teenoorgestelde geslag deur God vasgestel. Om daardie grenslyn in die gevaarsone oor te steek mag vir die oomblik aanloklik lyk, maar die uiteindelike vrugte sal bitter wees.

Ons God van liefde het grense vasgestel om ons te beskerm, ons lief te hê en om in ons 'n weerspieëling te skep van die grense wat Hom definieer: “En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom” (1 Johannes 4:16).

Geen grense nie ...? Nee – gesonde grense! WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Vrae & Antwoorde

**Alleenlik die Wederkoms van Christus sal die planeet Aarde "onder nuwe bestuur" plaas!**

**VRAAG:** Indien God almagtig is, waarom laat Hy Satan toe om die "god van hierdie wêreld" te wees (2 Korinthiërs 4:4)?

**ANTWOORD:** Die Skrif maak dit duidelik dat die duiwel – Satan – tans in beheer van die planeet Aarde is. Jesus Christus het Self kort voor Sy inhegtenisneming en kruisiging Satan se gesag erken: "Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie" (Johannes 14:30).

Hoe oefen die duiwel sy heerskappy uit? Hy beïnvloed wêreldgebeure deur sy bose idees binne-in die gedagtes van mense te plaas; baie soos 'n televisiesender sy seine die lug instuur om in mense se huise opgevang te word. Hierdie ooreenkoms kan ons help om te verstaan waarom noem die Skrif vir Satan die "owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander" (Efésiërs 2:2-3).

Was daar altyd 'n Satan? Nee! God het 'n invloedryke en pragtige aartsengel met die naam Lucifer geskape wat saam met Michael en Gabriel by God se troon in die hemel gedien het. Waarom het hierdie Lucifer (Latyns vir "lig-bringer" of "môrester") geval en Satan geword (Hebreeus vir "aanklaer" of "teenstander")? U kan hieroor in Eségiël 28:12-17 en Lukas 10:18 lees.

Lucifer en 'n derde van die engele (Openbaring 12:3-4) het teen hulle Skepper in opstand gekom en is uit God se teenwoordigheid gewerp (verse 7-9). Klaarblyklik is die taak aan Lucifer en sy engele gegee om die aarde voor te berei vir sy rol in God se plan vir die mensdom. Hierdie kragtige aartsengel was ontevrede met die rol wat God hom gegee het en het 'n onsuksesvolle rebellie teen God die Vader en die Woord gelei (Johannes 1:1-3).

Satan het in sy opstand misluk, maar hy bly in die posisie wat God hom gegee het, waar hy ironies genoeg nog steeds instrumenteel in God se plan is. Die mensdom spandeer 6,000 jaar om volgens hulle eie manier te leef en word deur die gees van selfsug en boosheid van Satan beïnvloed. Hulle skryf met hulle eie bloed, sweet en trane die geskiedenis van hoe dit is om in ongehoorsaamheid, in teenstelling met God se lewenswyse, te leef.

Die Woord het 'n bietjie meer as 2,000 jaar gelede na die aarde gekom, verpersoonlik as 'n mens – Jesus Christus. Deur Sy volmaakte lewe te leef – met die Heilige Gees gevul sonder mate – het Hy bewys dat 'n mens met God se hulp, in gehoorsaamheid aan God kan leef en Satan se weë kan verwerp (Galásiërs 2:20).

Dit is as gevolg van Jesus Christus dat Satan se heerskappy op die aarde binnekort beëindig sal word. Dit is waarom die duiwel net die god van "hierdie tydperk" genoem word. 'n Duisendjarige tydperk sal binnekort aanbreek wanneer Jesus Christus vir Satan as die heerser van hierdie wêreld sal vervang. Ons noem daardie tyd "die Millennium". Jesus Christus wat as 'n mens na die aarde gekom het en 'n volmaakte sondelose lewe gelei het, sal weer as Koning kom en Satan uit sy posisie van heerskappy onttroon.

Aangesien die Millennium nog nie hier is nie, wat kan ons doen om die bose gevolge van Satan se heerskappy te vermy? Diegene wat hulle bekeer, word gedoop en aanvaar Jesus Christus se offer deur die krag van die Heilige Gees en staan *nou* onder God se Regering en ontvang die krag om Satan se invloed in hulle lewens te weerstaan. "Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!" (Jakobus 4:7-8).

God kyk om te sien wie aan Jesus Christus gehoorsaam is en wie hulle aan die bose onderwerp. "Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?" (1 Petrus 4:17-18).

Wanneer die Vredevors weer kom om Sy Regering oor die nasies te vestig, sal Satan se heerskappy beëindig word. "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word" (Johannes 12:31). Mag God daardie dag bespoedig! WvM

# Keerpunte in

## Die opkoms van die "uitverkore volk"

Lei God werklik die verloop van die geskiedenis? Min mense besef vandag dat Moses, die uittog uit Egipte en die Israelitiese konings (Dawid en Salomo) deel van een van die belangrikste keerpunte in die geskiedenis van die wêreld was. Daardie keerpunt het ander magtige nasies oor 'n tydperk van 500 jaar beïnvloed (1400 v.C. tot 900 v.C.). Die "sneller" vir hierdie geskiedkundige verandering was 'n skouspelagtige reeks gebeure wat rondom 1200 v.C. plaasgevind het. Daardie dramatiese gebeure bied 'n merkwaardige bevestiging dat God die loop van menslike geskiedenis lei, net soos die Bybel sê: "Hy maak nasies groot en laat hulle omkom" (Job 12:23) en "Hy sit konings af en stel konings aan" (Daniël 2:21).

**Die einde van 'n tydperk**

Die ineenstorting van die Bronstydperk kulture rondom 1200 v.C. is al as "die ergste ramp in die antieke geskiedenis beskryf, nog meer rampspoedig as die ineenstorting van die Wes-Romeinse Ryk" (Robert Drews, *The End of the Bronze Age*, bl. 1). Dit was ook "deurslaggewend in die geskiedenis" en "'n keerpunt vir die antieke wêreld" genoem (Eric H. Cline, *1177 B.C.; The Year Civilization Collapsed*, bl. xv). Die Bronstydperk (3000 v.C. tot 1200 v.C.) was 'n periode tussen die Steentydperk en die Ystertydperk wat deur die wydverspreide gebruik van bronsgereedskap, wapens en instrumente gekenmerk was. Dit was 'n tydperk wat deur die begin van skrif (spykerskrif in Mesopotamië en beeldskrif in Egipte) gekenmerk is, die ontwikkeling van regskodes, verstedeliking, gesentraliseerde regerings, ryke, die bevordering van geleerdheid in wiskunde, sterrekunde en navigasie, asook verreikende handelsnetwerke op soek na bronne van tin en koper (om brons te maak) sowel as die verspreiding van vervaardigde produkte.

Die relatief bestendige wêreld wat die jare na die vloed van die Bronstydperk gekenmerk het, het na 'n paar dekades rondom 1200 v.C. ineengestort, nadat 'n reeks rampe in 'n "volmaakte storm" saamgeval het, wat die tekens van beskawing in die oostelike Mediterreense gebied uitgewis het. Argeologiese studies dui daarop dat "elke stad in die oostelike Mediterreense Seegebied tydens hierdie gewelddadige tydperk verwoes was, terwyl baie van hulle nooit weer bewoon is nie" (Drews, bl. 4). Soortgelyke vernietiging het in die suide van Griekeland en Klein-Asië plaasgevind. Oorsake van die ineenstorting sluit in: Klimaatsveranderings, droogtes, hongersnood, siektes, aardbewings, vulkaniese uitbarsting, interne opstande, die toenemende gebruik van yster en invalle deur die Seevolke wat die handelsroetes, 'n belangrike deel van hierdie onderling verbonde wêreld, ontwrig het.

Die skielike en gewelddadige einde van kulture in die Bronstydperk het die versplintering van ryke gekenmerk, asook 'n ernstige afname in geleerdheid en die ondergang van die eens dominante magte: Die Egiptenare, Hetiete en Trojane in Klein-Asië, asook die Minoërs en Miceens in Kreta en suidelike Griekeland, wat die Bronstydperk handelsroetes beheer het (sien Cline). Die ineenstorting van die Bronstydperk het egter ook die weg gebaan vir die ontstaan van "'n nuwe stel moondhede en 'n nuwe begin van nuwe beskawings, soos ... die Fenisiërs, Filistyne en **Israeliete**" (*ibid*., bll. 174-175). Die einde van die Bronstydperk was nogtans slegs een fase van hierdie belangrike keerpunt in die geskiedenis – daar was 'n *ander fase* wat 'n belangrike deel van God se oorhoofse plan vir die mensdom was.

# wêreldgeskiedenis

**Die opkoms van Israel**

Volgens die Skrif het 'n aantal belangrike gebeurtenisse – Moses, die plae in Egipte, die uittog uit Egipte en die oorhandiging van die Wet op die berg Sinaï – ook teen die einde van die Bronstydperk plaasgevind, ongeveer 1400 v.C. Die ineenstorting van die Bronstydperk rondom 1200 v.C. het gedurende die tyd van die Rigters plaasgevind toe die twaalf stamme van Israel in die beloofde land van Palestina ingetrek het. Dit was 'n "tyd van anargie en omwenteling" (Rigters 21:25; Frank E. Gaebelein, red. *The Expositor's Bible Commentary*, Vol 3. Zondervan: 1992. bl. 506), net soos argeoloë dit gevind het. Egiptiese inskripsies openbaar dat die Shardana en Danuna (moontlik die Israelitiese stam van Dan), tussen die Seevolke was wat Palestina binnegeval het. Hulle was besny en het horinghelms gedra (Cline, bll. 1-8), baie soos die Deense Vikings wat in 'n latere tydperk uitgebeeld is. Cline gee te kenne dat "die Israeliete die verwoesting wat deur die Seevolke in Kanaän veroorsaak is, tot voordeel gebruik het deur in te beweeg en beheer van die streek oor te neem" want hulle sou "onder die groepe mense wees wat 'n nuwe wêreldorde sou uitmaak en uit die chaos te voorskyn kom wat die einde van die laat Bronstydperk was" (bll. 95-96).

Wanneer God die Israeliete uit slawerny in Egipte gered het en Sy Wet op die berg Sinaï aan hulle oorhandig het, het Hy hulle meegedeel: "As júlle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou sal julle my eiendom uit al die volke wees" (Exodus 19:5; Deuteronómium 7:6-7). God was van voorneme dat die Israeliete, met Sy Wette en Sy seën, bo heidense nasies rondom hulle sou uitstaan (Deuteronómium 4:1-8). Die goddelik geopenbaarde godsdiens van hierdie "uitverkore volk" het die monoteïstiese aanbidding van die Een Ware God ingesluit, Wette wat menslike offers verbied het asook kindermoord, hoerery, egbreuk, leuens, steel, moord en om vir vermaak dood te maak. Die Wette van God het die gesinseenheid beskerm en gelykheid voor die reg bevorder, individuele verantwoordelikheid, onderwys en opleiding, maatskaplike verantwoordelikheid en die belangrikheid van geduld, genade en nederigheid (sien *World Perfect: The Jewish Impact on Civilization* deur Ken Spiro).

**Israel floreer**

Na die ineenstorting van die Bronstydperk, met die verskyning van die profeet Samuel en konings Dawid en Salomo (ongeveer 1000 v.C.), het die nasie van Israel gegroei en floreer en die werklike vrugte van die onderhouding van God se Wette het vir ander nasies duidelik geword. Terwyl die koningin van Skeba (in die suide van Arabië) Salomo besoek het, was sy verbaas om sy wysheid, asook die vrede en voorspoed van sy koninkryk te sien (1 Konings 10:1-10). Deur die hand van God is hulle in die beloofde land gevestig en kon die uitverkore volk 'n voorbeeld wees van 'n beter lewenswyse aan hulle bure en die wêreld.

Die Israeliete het as 'n nasie in die daaropvolgende eeue nie getrou aan hulle verbond met God gebly nie. God is nou besig om baie ongelowiges as "geestelike Israel" te roep om Sy beloftes en seëninge te ontvang. Die invloed van Israel het egter bly bestaan. Nadat die Jode in 539 v.C. na Jerusalem teruggekeer het, het Esra en Nehemia hulle daarvoor beywer om die godsdiens van hulle Israelitiese voorouers in ere te herstel (Esra 7:1-10; Nehemia 8). Deur die pogings van geslagte Joodse skrifgeleerdes (Romeine 3:1-2), is die Wette van God bewaar om 'n groot invloed op die wette en waardes van die Westerse beskawing uit te oefen – wat daartoe gelei het dat John Adams, Amerika se tweede president, tot die slotsom gekom het: "Die

Hebreërs het meer gedoen om die mensdom op te voed, as enige ander nasie” (Spiro, bl. 71).

Die ineenstorting van die Bronstydperk het *geleentheid* vir die Israeliete *geskep* om uit die chaos van verkrummelde ryke te tree om 'n belangrike rol as die “Uitverkore Volk” in een van die heel belangrikste keerpunte in die wêreldgeskiedenis te speel. Hierdie dramatiese gebeure illustreer ook hoe “die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil” (Daniël 4:25).

***—Douglas S. Winnail***


# Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

***Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!


***Vervolg vanaf bladsy 14 – Die groot verval***

geen ander heenkome nie. Gesinne in die Oekraïne leef in 'n land waar die ekonomie ineengestort het as gevolg van voortdurende konflik tussen diegene wat lojaal aan die regering is en die oproeriges. Die lyding hou net aan.

Ongelukkig, as gevolg van die mensdom se keuses, lei hierdie wêreld se pad na chaos, vernietiging en die dood. Die Ewige God sê egter dat Hy uiteindelik 'n toekoms en hoop in gedagte het vir almal wat gewillig is om Sy weg te kies. Ons lees verder in verse 12-13: “Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.”

**Tree op terwyl u kan!**

Die wêreld is aan die verander. Jesus het in verband met die eindtyd gesê: “En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word” (Lukas 21:25-26). Christus kom terug en Hy sal betyds die mensdom verhinder om hulleself uit te wis. Sommige mense sal Hom egter met die vyand verwar en bang wees, omdat hulle Hom nie ken nie.

Vir diegene wat Hom ken sal Sy Wederkoms 'n opwindende geleentheid wees! “En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is” (Lukas 21:27-28).

U hoef nie bang te wees wanneer die wêreld rondom ons ineenstort nie. Daar is 'n pad na veiligheid, vrede en hoop. Daar is 'n weg wat vervulling en rustigheid bring – selfs in moeilike tye. Ons Skepper-God bied daardie geleentheid aan u! Tree op volgens die waarheid! Die keuse berus by u! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

Hierdie Werk is die vervulling van daardie opdrag, baie kragtiger as enige ander soortgelyke werk op aarde vandag! Ons is dankbaar dat ons deur God gebruik kan word as Sy dienaars om Sy opdrag uit te voer. Die belangrikste van alles is dat ons dankbaar teenoor die Almagtige God is omdat ons hierdie geleentheid het, dat Hy aan ons die krag gee en vir ons "deure" oopmaak (Openbaring 3:8) om die hele wêreld met die eindtydse boodskap van Christus te bereik en die mense van hierdie wêreld te waarsku, op 'n wyse waarvan die meeste van hulle nog nooit tevore gehoor het nie. Ons dank God daarvoor! Ons behoort werklik met totale geloof en vreugde uit te sien na Christus se Wederkoms, wanneer Hy "die Werk sal klaarmaak" wat Hy in hierdie leeftyd begin het.

God laat Hom nie bespot nie! Al hierdie feitlik waansinnige en veragtelike idees en praktyke wat nou in ons verdorwe samelewing die rondte doen, sal binnekort tot 'n einde kom wanneer Christus weer as Koning van die konings terugkom! Voordat dit kan gebeur, sal God egter hierdie wêreld werklik moet skud sodat al die nasies uiteindelik gewillig sal wees om na Sy ware dienaars "te luister" en hulleself te verootmoedig om van Sy dienaars in die Wêreld van Môre te leer. Ons behoort onsself ook voor te berei. Lees my artikel, "Is u gewillig om te verander?" elders in hierdie uitgawe, om te leer wat elkeen van ons *moet* doen!

Dit lyk dikwels of die wêreld vlak voor ons oë "uitmekaarval", soos mnr. Rod McNair elders in hierdie uitgawe, "Die groot verval", verduidelik. Ja, dinge raak erger en sal steeds erger raak voor die einde van hierdie tydperk. Met verwysing na die einde van hierdie tydvak, sê Jesus: "En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is" (Lukas 21:25-28).

Wanneer ons almal hierdie tekens van die ontsaglike krag van die Grote God sien, wanneer Christus in skitterende heerlikheid terugkeer om oor hierdie wêreld te regeer, kan ons werklik "ons hoofde ophef" en dankbaar wees dat ons gewillig was om die ware dienaars van God aan die einde van hierdie tydperk te wees! Ons kan vir ewig en altyd dankbaar wees teenoor God dat ons geïnspireer is om van ons fisiese hulpbronne te gee om God se kudde te help "voed" en om met toenemende krag die miljoene der miljoene van ons medemense wat vandag leef, soos ware dienaars van die lewende God te bereik! Ten slotte, die planeet Aarde sal 'n ware paradys wees, in teenstelling met die ontelbare menslike utopias wat reeds verwag is, maar misluk het, soos mnr. Richard Ames elders in hierdie uitgawe opmerk in sy artikel, "Wêreldwye Utopia: 'n Onmoontlike droom?"

**Die boodskap MOET uitgaan!**

Ons behoort selfs kragtiger na vore te beur om hierdie belangrike boodskap te verkondig, omdat die "duisternis" vinnig besig is om oor hierdie wêreld toe te sak. Binnekort, wanneer hierdie dinge gebeur, kan ons vir ewig dankbaar en vol vreugde wees wanneer ons ons Verlosser en ons ouer Broer (Hebreërs 2:11) sien terugkeer om aan ons die gawe van die ewige lewe te gee.

Dit is ons hoop en dit is 'n ***baie werklike*** vooruitsig! Soos ons gereelde *Wêreld van Môre* lesers weet, is die gebeure onmiddellik voor Christus se Wederkoms nou goed op dreef! Ons kan ons dus verbly in Christus se belofte: "Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar" (Openbaring 22:7). Weer: "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees" (Openbaring 22:12). Laat ons seker wees dat ons "werk" aan ons 'n wonderlike beloning sal besorg wanneer Christus weer kom om vir ewig

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

oor Sy Koninkryk te heers! Ten slotte beloof Jesus: "Ja, Ek kom gou" (Openbaring 22:20).

Laat ons almal "ons bes doen" ter voorbereiding vir hierdie wonderlike gebeurtenis, sodat ons "daar kan wees" wanneer Christus weer as Koning van die konings kom en ons 'n wonderlike beloning kan ontvang vir wat ons in Sy diens aan die einde van hierdie tydperk gedoen het!



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**